Gesang 36: 1, 5
Ps. 33: 5, 6
Ges 33: 5, 6.
~~Ges 36 : 1, 5~~

# Literatuur in die hande v Satan.

Hand. 19: 1-20. (Kleynhans)

R. Bos 3 Okt '56
Potch 22 Sept. 56.

Hand. 19: 19 & 20 — En verskeie van dié wat met towery omgegaan het, het die boeke bymekaargebring en voor almal verbrand; en hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit vyftigduisend silwerstukke was.

So het die woord van die Here met krag gegroei en sterk geword.

Die stad Efese, waar hd. opspraakw. gebeurtenis plaasvind, neem 'n baie belangr. plek in in d. ry van plekke waar d. apostel Paulus d. Evangelie v. Xt. Jesus gebring het. Tweemaal besoek hy hd. groot, destyds beroemde, florerende hawestad aan d. kus van Asië — die 1e maal vir kort besoek ~~[illegible]~~ op sy 2de send. reis, en die tweede maal vir 3 jr lank tydens sy 3de send. reis. // Dit val ons ook op dat daar twee briewe aan hd. gemeente gerig is wat Ud Bybel vir ons bewaar is: Paulus se brief aan Efese en Xtus se brief in Openbaringe.

Twee dinge tref Paulus dadelik kort na sy aankoms in die stad:

(1) Die onkunde, nie alleen by ongelowiges nie, mr. veral ~~self~~ ~~ook~~ by Xtene t.o.v. ewige waarhede. As hy a. d. dissipels wat hy daar ontmoet, vra of hulle die H.G. ontvang het toe hulle gelowig geword het, antwoord hulle: „Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie" (vs. 2)

(2) Die grootskaalse beoefening in hd. stad, met sy sterk Oosterse atmosfeer & kontakte, van towery, waarsêery en verskeie vorme van duiwelskunste — ~~ook~~ soos o.a. bewys deur die sewe seuns van Skeva, 'n Joodse owerpriester. ~~so hulle duiwelsbesweringe~~. (1) Tempel v Artemis — Diana; onsedelikhd.) (2) Brief Efese: ons vastelatyd.

Treffend genoeg is alhier hd. bedenklike verskynsels terug te voer na d. literatuur van Efese! Die boeke & geskrifte wat by hulle duisende is verkoop en gesirkuleer het, was een v. d.

magtigste middels in d. hand v Satan om verwarring v verderf te saai, waarop vattige te laat vermeerder, en die gees v.d. mens te vergiftig. ~~Hoe groot d.~~ G'n wonder dat d. Gees v. God die Efesiërs wat ~~d. boeke~~ tot bekering gekom het, lei om ~~hulle~~ op 'n hoop te dra en te verbrand nie!

Ons tekswoorde herinner ons aan:

I Die Groot Som Geld aan hd. literatuur verbonde:

~~Die waarde~~ Hoe groot d. omvang van hd. soort literatuur was blyk uit d. mededeling dat net d. waarde van die boeke wat verbrand is 50.000 silwerstukke = nie minder as £2000 — in daardie tyd 'n geweldige bedrag! Hierdie waarde was seker nie net bereken volgens die kapitale waarde nie, maar ook volgens d. wins aan die bedryf verbonde. • Groot sirkulasie geniet — sterk aanvraag

Nou is dit baie duidelik dat d. motief van selfs. wins die hoofdryfveer was by d. handelaars in hd. soort lektuur (vgl. vs 25 — silwersmid). Nooit is daar gevra of die uitwerklike skade nie dalk ~~baie~~ groter was as d. onmidd. wins nie. Dieselfde kortsigtige houding tref ons vandag in ons eie land aan:

a) Gesien hoedat in afgelope talle boeke uit selfs. motiewe hulle grond oorbemes het sonder te dink aan d. uiteind. skade vir d. hele land.

b) Aanskou hoedat d. pers. winste uit d. drankhandel nie opweeg teen d. ontsett. verliese as gevolg van ongelukke & verwoesting van mensemateriaal wat daaruit voortspruit!

As ons nou aan d. uitgewers & boekhandelaars van ons land dink, kan ons nooit dankbaar genoeg wees vir dié wat selfs met groot geldelike opoffering, as hoofmotief stel: ons bedryf in diens van die taal, d. kultuur & d. moraal van die volk. Ons eer daardie manne & vroue. Maar ons sou | blind wees vir d. waarheid het soos ons die skrywers eer wat hoë standaard bewaar het —



as ons nie erken dat sekere ondernemings in ons land, ongeag die nadelige gevolge van wat hulle druk & versprei, bo al d. oog het op die wins wat gemaak word. Die sgn. „vryheid van die pers" (hoe is d. ~~juiste~~ ware betekenis van ~~waarde~~ hd. uitdrukking nie verkrag ~~+ verdraai~~ nie!) is deur hulle skandelik misbruik om hulle eie sakke te vul afgesien van die duur prys van sedelike verwoesting & geestel. verslapping wat daarvoor betaal ~~moet~~ word!

II Die Verderflike Invloed hiervan uitgegaan: Dis moeilik om te bepaal hoe verreikend die nadelige invloed van hd. literatuur was. Een ding is seker: dit het d. reeds wydvertakte towery & duiwelskunste in Efese nog verder bevorder en aangehelp.

→ Nie is daar wat ~~kan~~ sal ontken d. magtige invloed wat daar ~~kan~~ uitgaan van die boek en geskrif — goed of kwaad? // Maar wie is daar wat sal waag om te bereken hoe sterk & magtig hierdie invloed werklik is? Hoe kan 'n mens ooit die subtiele invloed bereken of bepaal ~~wat~~ wat deur boek & bioskoop, deur oog & oor die mensl. gees raak? Wie sal ontken dat boeke ons beste vriende kan wees — maar ook ons bitterste vyande?

Nou is dit nie nodig om u te herinner aan d. alg. inhoud van vandag verhale & geskrifte in ons land nie: moord, diefstal & seks as die grondmotiewe van d. meeste verhale & romans. Huweliksontrou en egbreuk word ~~en~~ simpatiek voorgestel & uitlewing v ~~die~~ d. sekdrang verheerlik — is dit 'n wonder dat d. hele ~~denke~~ lewe van ons jeug die spore wys van dié dinge wat hulle denke besoedel?

In vroeër ~~dae~~ eeue is sluipmoorde op Konings en edelmanne beriken voortaan nie deur 'n dolk of swaard nie, maar deur dodelike gif in poeiervorm tussen die blaaie van 'n boek te strooi en dit aan d. slagoffer aan te bied. Stadig maar seker, bladsy na bladsy het hy die gif ingeadem.

So adem duisende seuns & dogters, jongmense, vaders & moeders vandag die gif in wat gedruk is op die bladsye van seker tipes tydskrifte & boeke — en die stygende syfers van jeugmisdaad, van seksuele wanpraktyke, van egskeiding & gesinsontbinding, is d. sprekende bewys hiervan!

III Die Vernietiging as gevolg van Geestel. Vernuwing:

Die kragdadige verkondiging v.d. Evangelie van verlossing in Efese lei tot d. opspraakwekkende verbranding van duisende boeke. Daardeur is hulle inhoud deur vuur & vlamme verteer.

// Ons staan vd voor d. ernstige vr. en byna alle Westerse lande: hoe kan d. verderflike invloed v.d. geelpers, die sede-ondermynende lektuur teëgegaan word? Dink a.d. volgende moontlikhede:

① Burgerl. sensuur op tydskrifte & boeke & films: op sigself nie 'n positiewe stap nie, mn wel 'n noods. stap om mense te help wat nie genoeg onderskeidingsvermoë besit nie — vgl. uitgewering Nu-Seeland na onthullinge oor jeugmisdaad!
→ Ons!

② Bydrae drukkers & uitgewers: Belangrike verantwoordelikheid — Vb. Switserland

③ Samewerking skrywers: In keuse van temas, in behandeling van stof, in aanbieding van verhale — nie goedkoop sedeprekies nie, mr. uitbeelding waaruit [illegible] hoër doel & boodskap



④ Verantwd. ouers & opvoeders

⑤ Geestelike vernuwing: Maar d. grootste en belangrikste faktor in die bekamping van sede-ondermynende lektuur is: die innerlike vernuwing v.d. mens se ~~gees~~ siel & gees deur wedergeboorte en bekering // Die oomblik toe Jesus Christus en sy lewe in hulle siel gekom het het hulle besef dat hulle towerkunste 'n jammerlike Ersatzprodukt was van die ware lewe.

→ Die hoë sirkulasie & groot aanvraag na hd. soort leesstof — wyse 'n bewys?
① Toenemende ontkerstening volk
② Ernstige fout by opvoeding huis, skool en kerk

En die antwd: Alleen 'n waaragtige bekering van mense sal lei tot brug: Vs 20

"So het die wd. v.d. Here met krag gegroei en sterk geword".

Slot: Watter tydskrifte & boeke lê daar op u tafels? Langs u bed? Wat lees u medestudente? U jong maats? Waaroor gaan u gesprekke in u kamers? Watter soort prente hang aan u mure? Besef u hoe verwikkeld dd. beelde op u siel werk?

Laaste: Stem u saam: enigste blyw. oplossing? groot geestel. ontwaking & vernuwing ~~noodsaaklik~~! Waar begin — [illegible] nie by jeug, by opgevoede jong? By u!